


MOSSEL BAY GOLF ESTATE

NUUSBRIEF

MAART 2016



VOORWOORD

Tyd vlieg!! Dit is reeds die derde maand in 2016 en die Raad van Direkteure is besig met 'n verskeidenheid van belangrike sake op die Landgoed.

Alhoewel slegs eienaars en inwonende familieledede van die Landgoed aan die gholf kompetisies mag deelneem, is daar 'n gesubsidieerde ete deur die HEV, aan ALLE



Een van die hoogtepunte op die kalender, is die spesiale huiseienaars gholfdag op Sondag 17 April 2016. Die manne en vroue wat gholf speel gaan meeding om die "Mans Golfer van die Jaar" en die "Dames Golfer van die Jaar" trofeë. Die formaat van die kompetisies is MEDAL-NETT.

inwoners teen R50-00 per persoon.

Bespreek asseblief gholf en tafels by Lizette by die gholfklub ontvangs (binnelyn 2411).

ONS SIEN DAARNA UIT OM JULLE DAAR TE ONTVANG.

• SEKURITEIT •

Toegangsbeheer is verskerp en alle werkers te voet moet hul naamkaartjie sigbaar vertoon.

'n Versoek word gerig dat alle voetgangers (besoekers) by hekke gaan haal moet word en dat niemand net "vrylik" kan inloop nie. Hierdie besoekers gaan deur sekuriteit toegang geweier word. Besoekers mag ook nie die Landgoed betree deur die gholfklub se ingang nie.

Neem asseblief kennis dat toegangskaarte slegs in besit van regmatige eienaars mag wees en nie deur ander persone gebruik mag word nie.

Toegangskaarte wat onregmatig gebruik word sal gekonfiskeer word.

ARK SUB KOMMITTEE

Ons Argitektoniese sub-komitee se werksaamhede vorder goed as gevolg van goeie samewerking van almal. Ongelukkig kom gevalle nog steeds voor waar nuwe eienaars in huise intrek wat nog nie van 'n "Occupation Certificate" voorsien is nie. Die Raad kan nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige gebeure by sulke adresse nie.

Aan die einde van Januarie 2016 het 'n ligte wolkbreek reën veroorsaak dat daar op verkeie plekke probleme met stormwater ondervind is. Die Raad is besig om aandag daaraan te skenk om aanvaarbare wegvloei van water te bewerkstellig.

Tydens die afgelope jaarvergadering, is die Raad deur eienaars versoek om gedragreëls strenger

toe te pas. In die verband is die "Contractors Code of Conduct" aangepas en word 'n terugbetalende deposito van R10 000-00 vanaf 1 April 2016 gehef. 'n Lys van oortredings, met toepaslike boetes, word ook opgestel. Die voormelde sal toepassing wees op alle hoof kontrateurs en per elke projek.

Finansies - Die finansiële posisie van die Landgoed is gesond en beide die inkomst inkomste en uitgawes is binne die goedgekeurde begroting.

Die aanhou van troeteldiere bly maar 'n deurlopende probleem, veral deur huurders op die Landgoed . Die gedragsreëls is deur die lede goedgekeur en die sub-komitee pas slegs die gevolglike huisreëls toe.

Die toepassing van boetes word nou georden soos bepaal deur die MOI – in die verlede was daar onduidelikhede.

'n Spesiale ledevergadering gaan binnekort belê word waar hierdie saak verder bespreek sal word. Die monitor van spoed deur middel van 'n kamera gaan ook ingestel word.

Plante wat gesnoei word asook grassnysels word nog steeds in die Natuureservaat, suid van Maranata Rylaan, gestort. Almal word versoek om behulpsaam te wees om hierdie probleem op te los.

Ongelukkig kom gevalle nog voor waar eienaars toegang verskaf aan kontrakteurs met gemerkte of ongemerkte voertuie en waarvan die werkers nie polisieklarings en/of ID kaarte het nie. Sulke oortredings word in 'n ernstige lig gesien en moet gestaak word.

Daar is met die munisipaliteit onderhandel om die sypaadjie by die Reservoir (Schoemanstaat) skoon te maak sodat moontlike wegkruipplekke geëlimineer kan word.

Enige gebeurtenis wat na u mening wat na inwoners deurgegee behoort te word, moet na die HEV verwys word.

Weereens, baie dankie aan alle inwoners wat hulle samewerking bied.